

24 November

Skrifgedeelte:

Wysheid kom van bo! Dwaasheid kom vanself!

Wat is wysheid? Wie kan as wys getipeer word? Wie is wys in God se oë? Salomo sê in Spreuke 2:6: "Dit is die Here wat die wysheid gee ..." Hy gee dit aan klein en groot, oud en jonk!

Die Apostel Jakobus sluit by hom aan as hy in sy brief sê (1:5): "As iemand wysheid kortkom, moet hy dit van God bid ..." Die wysheid wat God jou gee, is die gawe om onder die leiding van sy Woord en Gees te kan onderskei tussen reg en verkeerd en om dan die regte ding te kies en te doen. Dit geld vir elke terrein van ons lewe: in die opvoeding van ons kinders, in ons verhoudings met ander mense, om te weet wanneer om te praat en wanneer om stil te bly, om die regte vriende te kies en om self goeie vriende te wees.

Jakobus onderskei duidelik tussen aardse, duiwelse wysheid, en wysheid van Bo. Hy waarsku dat ons nie moet spog dat ons wysheid het terwyl daar bittere naywer en selfsug in ons harte is nie. Ons lieg as ons dan sê dat ons wysheid het, want dié gewaande wysheid lei tot wanorde en allerlei gemene dade. Wysheid wat van Bo kom, sê hy, is allereers sonder bybedoelings. Dit is verder vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye, onpartydig en opreg. Hierdie wysheid van Bo moet ons gebruik om vrede te maak! Hierdie wysheid plaas ons in die regte verhouding met God (Jak 3:13-18).

Jesus Christus het genadiglik deur sy dood betaal vir al ons dwaashede. God spreek ons vry. God wil aan ons elkeen elke dag die nodige wysheid gee om reg te lewe.

Laat ons daagliks daarvoor bid.

Ds WJK Saayman (Randburg)